**LV: Uitvoerende Kunste**

**WEEK 3: Kwartaal 2:**

Handboek: Eenheid 6, kwartaal 2, week 2, bladsy 57.

Hierdie week kry jy 'n interessante leesstuk oor "Dans" en dan meer spesifiek die: Spaanse Dans.

# Eenheid 6 Kombinasies van twee of meer bewegings met 'n maat

## Gebruik uiterste energieveranderings en elemente van krag: vloeiend en rukkerig, sterk en lig

Dans behels om jou liggaam op ritmiese passies en beweging te beweeg. Jy kan hierdie passies en bewegings saam op maat van die musiek sit. Daar is baie verskillende soorte dansvorms, byvoorbeeld ballet, hip hop, kwaito, breakdance en mambo.

Dans is 'n kunsvorm en 'n vorm van **ontspanning**. Dans as 'n kunsvorm kan dalk 'n storie vertel, 'n gemoedstemming skep of 'n emosie uitdruk. Party danse het simboliese **gebare** wat 'n storie deur middel van beweging vertel. Dans was nog altyd mense se bron van pret, ontspanning en kameraadskap, as 'n ontspanningsaktiwiteit. Dans by 'n partytjie is vandag 'n gewilde manier vir mense om hulself te geniet en om nuwe vriende te maak.

Musiek en dans is in Mexiko 'n groot deel van hul kultuur. Een van die bekendste danse is die Mexikaanse hoededans of die *jarabe tapatío*. Ander soorte danse, soos die cha-cha en samba, is ook gewild in Mexiko. Die Mexikaanse hoed-dans vertel die storie van liefde en **hofmakery**.



Daar is twee soorte sombrero's:

- Die eerste soort word van strooi gemaak en word "El Straw Cheapo" genoem.
- Die tweede soort word van vilt gemaak en word "El Felt Richo" genoem.

Albei word met 'n string houtkrale vasgemaak.

Die sombrero word gebruik in 'n bekende musiekstuk wat die "Meksikaanse hoededans" of "La Raspa" genoem word.

Mans trek soos rodeoruiters aan en die vrouens dra helderkleurige klere. Die man gooi sy hoed op die grond voor 'n vrou.

As die vrou sy uitnodiging aanvaar, dans sy saam met hom om die breë rand van die hoed. Nog 'n vorm van die dans is dat die eienaar van die hoed om die hoed dans.

Kyk gerus na die volgende internetskakels en doen dit sommer lekker saam!

1. SamMc La Raspa

   https://www.youtube.com/watch?v=e8_Od1QSGng

2. La Raspa Folkdance Noa-am.

   https://www.youtube.com/channel/UCtunf-En6PsccqkQtcCI0Eg

**GENIET DIT!!!**